



**national treasury**

Department:  
National Treasury  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



---

## **GESAMENTLIKE PERSVERKLARING**

### **NASIONALE TESOURIE EN DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS RAKENDE DIE 14DE JAARLIKSE UITGAWE VAN BELASTINGSTATISTIEKE**

---

**PRETORIA, DINSDAG 25 JANUARIE 2022**

Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die 14de jaarlikse uitgawe van die belastingstatistieke uitgereik.

Die 2021 uitgawe verskaf 'n oorsig van belastinginkomste-invorderinge en belastingopgawe inligting vir die 2017 tot 2021 belastingjare, asook die 2016/17 tot 2020/21 fiskale jare.

Belastinginvorderings gedurende die 2020/21 fiskale jaar het gelyk onder die Covid-19-pandemie se inperkingsbeperkings en 'n reeds sukkelende ekonomie wat in 2020 met 7% gekrimp het. Totale belastinginkomste-invordering vir 2020/21 het met 7.8% gedaal tot R1 249.7 miljard van die R1 355.8 miljard wat in die vorige jaar ingevorder is.

Sleutelpunte in die 2021 uitgawe sluit in:

- Totale belastinginkomste deur SARS ingevorder, het gestyg van R1 144 miljard in 2016/17 tot R1 249.7 miljard in 2020/21, 'n groei teen 'n gesamentlike jaarlikse groeikoers (GJGK) van 2.2% oor hierdie tydperk. Dit is aansienlik laer as die GJGK van 9% behaal in die vorige vyfjaartydperk van 2011/12 tot 2016/17.
  - Persoonlike inkomstebelasting (PIB) teen 39.1%, maatskappye inkomstebelasting (MIB) teen 16.4% en belasting op toegevoegde waarde (BTW) teen 26.5%, in totaal bly die grootste bronne van belastinginkomste en behels nagenoeg 81.9% van totale belastinginkomste-invordering.
  - Die belasting-tot-BBP-verhouding het gedaal van 23.8% in 2019/20 tot 22.5% in 2020/21. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die jaarlikse vermindering in die

Navrae: SARS Media [sarsmedia@sars.gov.za](mailto:sarsmedia@sars.gov.za)  
Nasionale Tesourie Kommunikasie-eenheid [media@treasury.gov.za](mailto:media@treasury.gov.za) of skakel  
012 315 5000

inkomste ingevorder uit persoonlike inkomstebelasting, belasting op toegevoegde waarde en plaaslike spesifieke aksynsregte.

- In hoofstuk 2: PIB, geografiese en demografiese ontleding van die aanslae van belastingpligtiges wat aangeslaan is teen einde September 2021 vir die 2020-belastingjaar, het interessante uitslae getoon:
  - 2 091 559 (40.1%) van aangeslane belastingpligtiges is in Gauteng geregistreer;
  - 687 261 van aangeslane belastingpligtiges is in die Johannesburgse metro woonagtig en is belas op 'n gemiddelde belasbare inkomste van R481 209;
  - 1 365 098 (26.2%) van aangeslane belastingpligtiges was tussen die ouderdomme van 35 tot 44 jaar;
  - 2 792 845 (53.6%) van aangeslane belastingpligtiges is manlik; 2 420 951 (46.4%) is vroulik;
  - Aangeslane belastingpligtiges het 'n totale belasbare inkomste van R1.8 triljoen en 'n belastingaanspreeklikheid van R360.0 miljard. Hul gemiddelde belastingkoers is 22.4%, vergeleke die 22.3% in die vorige belastingjaar; en
  - Inkomste uit salarisse, lone en ander besoldiging, asook pensioen, oortyd en annuïteite maak 91.6% van die totale belasbare inkomste uit.
- Statistieke in hoofstuk 3 met betrekking tot MIB, openbaar dat van die 812 306 maatskappye wat aangeslaan is teen September 2021 vir die 2019-belastingjaar, 24.0% positiewe belasbare inkomste getoon het, terwyl 48.3% belasbare inkomste gelykstaande aan nul gehad het, en die oorblywende 27.7% 'n aangeslane verlies getoon het.
- Hoofstuk 4 toon dat in 2020/21, 79.3% van die aktiewe BTW-ondernemers maatskappye of beslote korporasies is. Hulle het 92.9% tot binnelandse BTW-betalings bygedra en 91.2% van BTW-terugbetalings uitgemaak. Hoewel individue (alleeneienaars) 15.3% van BTW-ondernemers uitgemaak het, het hulle 2.4% van binnelandse BTW-betalings uitgemaak en 1.2% van BTW-terugbetalings ontvang.
- Soos uiteengesit in hoofstuk 5, het invoer-BTW en doeaneheffings 13.3% en 3.8% van die jaar se totale belastinginkomste afsonderlik uitgemaak wat 'n 17.1% somtotaal tot gevolg gehad het wat effens minder as die 17.5% gemiddeld van die voorafgaande vyf fiskale jare was. Die aandeel van hierdie belastings tot BBP het gedaal tot 3.8% van

Navrae: SARS Media [sarsmedia@sars.gov.za](mailto:sarsmedia@sars.gov.za)  
Nasionale Tesourie Kommunikasie-eenheid [media@treasury.gov.za](mailto:media@treasury.gov.za) of skakel  
012 315 5000

die voorafgaande vyf jaar se gemiddeld van 4.1%, met invoer-BTW wat 3.0% uitgemaak het en doeaneheffings wat 0.8% uitgemaak het.

- vir die 2020/21 fiskale jaar
  - Die grootste bydraende geharmoniseerde stelselafdelings tot doeaneheffings in 2020/21, soos aangedui in figuur 5.2, is voertuie, vliegtuie en skepe (20.1%); tekstiel en klerasie (19.0%); masjinerie en elektroniese ware (13.8%), asook voedsel, drank en tabak (13.4%).
  - Invoere onder die voedsel-, drank- en tabakafdeling het 97.5% van die bepaalde aksynsregte-totaal uitgemaak, hoofsaaklik gedryf deur sigarette (37.1%), hoofsaaklik vanaf Switserland ingevoer; en whiskies (35.4%), hoofsaaklik vanaf die Verenigde Koninkryk ingevoer.
  - Die afdelings van voertuie, vliegtuie en skepe (56.7%) en masjinerie en elektroniese ware (38.6%) was die grootste bydraers tot die ad valorem belastingtotaal met 30.1% van die voorafgenoemde se totaal wat luukse voertuie uit Duitsland behels, terwyl 63.2% van die laasgenoemde se totaal hoofsaaklik elektroniese toestelle uit China behels.
  - Die algehele effektiewe doeaneheffingskoers in 2020/21 was 2.8% vergeleke die vorige jaar se 3.2%. Sleutel-kommoditeite met die hoogste effektiewe heffingkoerse was skoeisel en bykomstighede teen 24.5%; huide, velle en leer teen 19.5%; tekstiel en klerasie teen 14.5%; voedsel, drank en tabak teen 9.8%; asook voertuie, vliegtuie en skepe teen 6.9%.
- Ten slotte, verskaf hoofstuk 6: ander belastings en invorderings, inligting oor belastings soos kapitaalwinsbelasting (KWB), hereregte, minerale- en petroleumhulpbronnentantième (MPRR), Suider-Afrikaanse Doeane Unie (SACU) betalings en dieselterugbetalings. In 2020/21, is kapitaalwinsbelasting (KWB) van R16.4 miljard ingesamel, waarvan R8.4 miljard aan individue toegeskryf is en R7.9 miljard aan maatskappye. 'n Totaal van R173.1 miljard is ingevorder sedert die inwerkingstelling van KWB in Oktober 2001, waarvan R80.9 miljard van individue en trusts en R92.1 miljard van maatskappye ingevorder is.

Die 2021-belastingstatistiekedokumente is beskikbaar op die SARS- en Nasionale Tesourie-webtuistes by [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za) en [www.treasury.gov.za](http://www.treasury.gov.za) onderskeidelik.

Navrae: SARS Media [sarsmedia@sars.gov.za](mailto:sarsmedia@sars.gov.za)  
Nasionale Tesourie Kommunikasie-eenheid [media@treasury.gov.za](mailto:media@treasury.gov.za) of skakel  
012 315 5000

SARS en Nasionale Tesourie verwelkom die publiek se kommentaar en voorstelle, sodat ons voortdurend die vrystelling se bruikbaarheid ten opsigte van beleid-evaluering kan verbeter, en nuwe insigte kan ontwikkel na Suid-Afrika se sosiale en ekonomiese konteks. Sodanige kan per e-pos gestuur word aan [taxstatistics@sars.gov.za](mailto:taxstatistics@sars.gov.za).

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- [IsiZulu](#)
- [Sesotho](#)
- [Afrikaans](#)
- [Sepedi](#)
- [Xitsonga](#)

EINDE

Navrae: SARS Media [sarsmedia@sars.gov.za](mailto:sarsmedia@sars.gov.za)  
Nasionale Tesourie Kommunikasie-eenheid [media@treasury.gov.za](mailto:media@treasury.gov.za) of skakel  
012 315 5000